Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2012

# DRAMATIESE KUNSTE MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Die memorandum bestaan uit 17 bladsye.

## ALGEMENE NOTAS VIR MERKERS

1. Kandidate moet verwys na Dramatiese Kunste teorie en konteks in toneelstukke wat bestudeer is. Volpunte kan nie toegeken word nie, tensy die kandidaat kennis van die teorie van die vak wys. Die antwoorde moet spesifiek oor die verskillende genres wees. Gebruik die Wat, Hoekom en Hoe metodes met uitgewysde verwysings na voorbeelde in die teks.

2. Die verwagte antwoorde is gereeld ver bo die meeste graad kandidate se vlakke wat hul kan bemeester en moet as ŉ leervlak vir merkers dien.

## AFDELING A: VERPLIGTEND

## VRAAG 1: REALISME

**MEMO**

| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Realisme** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| | √ | √ | √ | | **10** | | |
| **Kennis** | | | | | | **10** | |
| **Analisering** | | | | | | | **10** |

**Assesseringsrubriek**

| **Kategorie** | **Punt** | **Beskrywings (Bewyse)** |
|---|---|---|
| Uitstekend | 26 – 30 | • Goed georganiseerd, alles omvattend en afgeronde struktuur.<br>• Word ondersteun deur uitsonderlike hoë vlak van intelligensie om inligting te verwerk tot in die oorspronklike interpretasie en beplande seleksie van feite.<br>• Gebruik ŉ verskeidenheid van gepaste dramatiese verwysings.<br>• Insiggewende, vloeiende waarneming en kennis wat sterk uitgedruk word.<br>• Kandidaat bespreek die konvensies van die toneelstuk en hoe die onderwerp en karakters relevant is tot realisme.<br>• Hy/Sy verwys na spesifieke dele van die toneelstuk en gee voorbeelde van tegnieke in die toneelstuk.<br>• Die kandidaat lewer bewys van uitstekende begrip van Realisme. |
| Bereiking met meriete | 22 – 25 | • Goed georganiseerd, alles omvattend en afgeronde struktuur.<br>• Word ondersteun deur ŉ medium vlak van vaardigheid om informasie te verwerk tot in die oorspronklike interpretasie en beplande seleksie van feite.<br>• Gebruik ŉ verskeidenheid van gepaste dramatiese verwysings.<br>• Insiggewend, vlot waarneming en kennis wat sterk uitgedruk word.<br>• Kandidaat bespreek die konvensies van die toneelstuk en hoe die onderwerp en karakters relevant is tot realisme.<br>• Hy/Sy verwys na dele van die toneelstuk en gee voorbeelde van tegniek in die toneelstuk.<br>• Die kandidaat lewer bewys van ŉ uitstekende begrip van Realisme. |

| | | |
|---|---|---|
| Aanvaarbare bereiking | 15 – 24 | • Voldoende georganiseerd, alles omvattend en onafgeronde struktuur.<br>• Word ondersteun deur ʼn lae vlak van vaardighede om inligting te verwerk tot in die oorspronklike interpretasie en versigtige seleksie van feite.<br>• Net sekere verskeidenheid van gepaste dramatiese verwysings geselekteer.<br>• Geen insiggewende, vlot waarneming nie en kennis wat net gedeeltelik uitgedruk word.<br>• Kandidaat bespreek die konvensies van die toneelstuk en hoe die onderwerp en karakters relevant is tot realisme.<br>• Hy/Sy verwys na dele van die toneelstuk en gee net ʼn paar voorbeelde van tegnieke in die toneelstuk.<br>• Die kandidaat lewer bewys van voldoende begrip van Realisme. |
| Middelmatige bereiking | 05 – 14 | • Swak georganiseerd, alles omvattend en onafgeronde struktuur.<br>• Word ondersteun deur ʼn lae vlak van intelligensie om informasie te verwerk tot in die oorspronklike interpretasie en verwys net na sekere van die feite.<br>• Gebruik geen gepaste dramatiese verwysings nie.<br>• Nie-vloeiende waarneming en geen kennis wat uitgedruk word nie.<br>• Kandidaat bespreek baie min van die konvensies van die toneelstuk en hoe die onderwerp en karakters relevant is tot realisme.<br>• Hy/Sy verwys na dele van die toneelstuk en gee net ʼn paar voorbeelde van tegnieke in die toneelstuk.<br>• Die kandidaat lewer min bewys van begrip van Realisme. |
| Geen bereiking | 0 – 05 | • Nie georganiseerd, alles omvattend en onafgeronde struktuur.<br>• Word ondersteun deur ʼn baie lae vlak van vaardighede om inligting te verwerk tot in die oorspronklike interpretasie en verwys net na sekere van die feite.<br>• Gebruik geen gepaste dramatiese verwysings nie.<br>• Nie-vloeiende waarneming nie en geen kennis wat uitgedruk word nie.<br>• Kandidaat bespreek niks van die konvensies van die toneelstuk en hoe die onderwerp en karakters relevant is tot realisme nie.<br>• Hy/Sy verwys skaars na dele van die toneelstuk en lewer geen bewys van tegnieke in die toneelstuk nie.<br>• Die kandidaat bewys geen begrip van Realisme nie. |

**MOONTLIKE ANTWOORD**

Anton Checkhov (1860 – 1904) het amper net so ’n invloed soos Ibsen gehad. Beide toneelskrywers stel belang in mense se verhoudings met die gemeenskap, maar waar Ibsen se toneelstukke dikwels fokus op die noodlot van ’n paar individue, het Chekhov vir groot groepe of karakters gekies, wat dikwels op die verhoog op dieselfde tyd verskyn. Hul word in die natuurlike konteks alledaagse aktiwiteite vertoon.

Die groepe tonele skep geleentheid vir Chekhov vir die somtydse willekeurige, gevolglike dialoog van die regte lewe te herskep. Ons sien somtyds karakters wat praat sonder om enige terugvoer te kry of te ontvang. Daar is amper ’n musikale kwaliteit aan die gedisharmoniseerde dialoog.

Chekhov is as ’n dokter opgelei en het met medisyne gepraktiseer in Moskou toe hy sy graad gekry het. Dit was in die tyd wat hy begin kort stories met humoristiese sketse begin skryf het. Hy het later afgetree op ’n klein landgoed net buite Moskou. As eienaar het hy mediese hulp verleen aan skole vir armes. Omdat hy ’n dokter was het hy ’n wye verskeidenheid van mense ontmoet met verskillende agtergronde. Hy skryf oor die ondervindings in drama soos, *‘Uncle Vanya’ and ‘The Cherry Tree’*. Chekhov’s drama was ’n drama van verskillende sosiale veranderings.

Die onderwerp van Chekov se toneelstukke was afkomstig van sy hedendaagse Russiese lewenstyl en wys hoe daaglikse roetines ’n man se geesdrif kan demper. Sy karakters verlang na geluk, maar omstandighede en hul eie persoonlikhede ondermyn hul probeerslae. Soos die ou bediende in ‘*The Cherry Orchard*’ waarneem aan die einde van die toneelstuk, die lewe glip net verby sonder dat iemand dit eens geleef het.

Chekhov se plot beeld die doelloosheid wat die Russiese aristokrasie se lewe gekenmerk het. Sy toneelstukke open ’n ou gevoel van die lewe. Alle gewelddadige dade word weerhou van die verhoog, sodat die aksie in die agtergrond gehou word. Wat die gehoor waarneem is die alledaagse besonderhede van die lewe. Sy dialoog is vol van willekeurige observasie, “non sequitur en juxtapositions”.

Chekhov was ’n waarnemer van die samelewing en dit het hom goed gedien in die vasvang van die gevoel/atmosfeer sonder om na die teater as laaste uitweg te kyk. Hy was die baas van antiklimaks, gedetermineerd om die gevoel van egtheid vas te vang eerder as om op valse teater oomblikke, óf melodrama te hoop.

Checkhov’s se bemeestering lê in die versigtige konstruksie van die plot. Mev. Ranevsky en sy broer is vas berade oor die verkoop van hul boord en dit lyk of hul niks aan die verkoping kan doen om dit te verhoed nie. Hul word gewys waar hul hopeloos staan met geen doel en met aanvaarding van hul noodlot. Lopkhin wat die boord koop gee ook geen aanduiding dat hy eintlik die skelm is wat hul neerdruk nie. Hy koop dit op die laaste oomblik nadat hy probeer het om dit in die hande van die wettige eienaars te hou. Met Chehov voel ons nooit of ons gemanipuleer word tot ’n spesifieke uitkoms nie.

Chekhov se vermoë om ŉ gevoel van duidelikheid in die begin van Toneel 2 te skep is duidelik. Die karakters is saam gegroepeer in oop lande. Die verweerde kapel en verskeie ou grafstene gee die toneel ŉ gevoel van verwaarloosdheid. In die verte sien ons die buitelyne van die kersieboord en die buitelyne van ŉ groot dorp. Dit berei ons fisies voor vir die nuwe modern lewe wat die ou verwaarloosde een omvou.

Chekhov stel sy drama van sosiale verandering regverdig voor. Dit probeer die feit saamvat dat die eienaars, Mev. Ranevsky en haar broer die kersieboord nie sien as ŉ simbool van sosiale- en politiese mag nie. Dit is eerder ŉ herinnering van hul gelukkige kinderdae. Aan die anderkant vergeet Lopkhin van die sentimentele waarde wat die boord vir die familie inhou. Hy sien dit eerder as ŉ geleentheid om die sosiale orde om te skep. Die karakters word gekompliseerd voorgestel en as komplekse stereotipes. Die einde van die toneelstuk kon maklik sentimenteel gewees het as Mev. Ranevsky en haar broer die huis verlaat wat hul lief het, maar Chekhov balanseer dit briljant met die voorkoms van die ou huishulp, Firs, wat vergeet word deur die familie en wat hardop dink oor sy skynbare nuttelose lewe. Dit maak ons verstaan dat die tyd van die nuwe orde aangebreek het.

Die goed gemaakte toneel:

- ŉ Duidelike uitstalling van die situasie, waar die oorspronklike situasie blootgestel word aan die gehoor.
- Versigtige beplanning van toekomstige gebeurtenisse. Ons sien hier die Comte-konsep en effek. Die gehoor moet glo dat al die aksies logies is en ontwikkel deur die karakters wat hul alreeds ken.
- Onverwagte maar logiese terugdraai in die karakters se omstandighede as ŉ noodsaaklike deel van die dramatiese struktuur. Die gehoor moet nog steeds die gevoel kry van die onverwagte, maar moet nog steeds bly met in die realiteit van die moontlike.
- Herhaalde en gevestigde suspensie.
- ŉ Verpligtende toneel waar die goeie gesien word om geprys te word en die slegte gestraf word. Die konvensie tevredenheid van die konserwatiewe gehoor van die periode.
- ŉ Logiese resolusie of beskrywing. Dit is die ontrafeling van die plot en die bymekaar bring van die toneelstuk. **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Die afdeling bestaan uit drie vrae. Slegs TWEE Van die DRIE vrae moet beantwoord wees.

## VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE TEATER

**MEMO**


| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Suid-Afrikaanse teater** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| **Kennis** | | √ | √ | | **8** | | |
| **Begrip** | | | | | | **12** | |
| **Ontleding** | | | | | | | **10** |

## MOONTLIKE ANTWOORDE

2.1 Noem enige skrywer en toneelstuk wat relevant tot die Suid-Afrikaanse teater is. (2)

2.2 Die twee teatergenres, versoening- en -protes. Gee punte vir die benaming van die spesifieke genres en TWEE punte vir elke voorbeeld van die toneelstuk. (6)

2.3




(5)

2.4 Gee twee punte vir die verwysing na waar die toneel inpas in die toneelstuk en merkers moet eie diskresie gebruik wanneer punte toegeken word vir die motivering van VRAAG 2.3. (5)

2.5 Gemeenskapsteater – Teater wat ontwikkel het in gemeenskap tot gemeenskap gewoonlik as ŉ amateur (onbetaald) basis wat fokus op die verdeling en transformasie van vaardighede, ontwikkeling van gemeenskapsgees en aanspreek van gemeenskapsprobleme. (2)

2.6 Gee twee punte vir elk.

Om die basiese idée te vind – Skryf goed neer wat jy voel jou die meeste affekteer in jou familie en gemeenskap. Dit kan positief of negatief wees maar met ŉ sterk impak op jou eie lewe. Daarna kan ŉ bespreking beplan word en ŉ groepbesluit gemaak word. As ŉ basiese idée eers voorgestel is moet dit meer spesifiek gemaak word. Die onderwerp moet dan voorgestel word as ŉ proposisie – een waarteen argument gemaak kan word.

Navorsing – eers as jy besluit het op jou basiese proposisie moet die basiese navorsing gedoen word vir die toneelstuk. Die navorsing kan plaas vind deur baie verskillende vorme: alledaagse lewenswyse en gebeurtenisse, biblioteek, internet, lees, onderhoud met mense of gebruik jou eie ondervindings.

Improviseer materiaal – Daar moet besluit word op ŉ basiese situasie wat die proposisie opsom en kies ŉ paar hoofkarakters. Elke produksielid sal een van die karakters vertolk en die storie volgens hul eie mening vertel. Die groep maak notas en kyk vir punte van konflik binne in die verskillende stories. Daar sal ŉ stuk van konflik opgevoer word waarna die groep die verbeterings sal bespreek van dramatiese spanning, karakter ontwikkeling en moontlike direkte plot. Die toneel word dan herhaal om ŉ begin, middel en einde te skep. Style wat van pas is soos: protes, dorp musiekteater, satire, realisme, fisieke en arm teater, pantomime ens. Teater toestelle kan gebruik word saam met solo of groep vertelling, fisiese storie-vertelling, mimiek, simbolisme, monoloog, liedjies, danse, vries, stadige emosie, marionette, digkuns en rituele. Die skrywer sal elke toneel skryf of dit op band of video opneem.

Bestelling van die materiaal – Gaan na die oorspronklike proposisie en toets elke toneel daarteen. Die plot moet ses basiese aksie punte hê. Kyk hoe dit gereël is en hoe die gehoor reageer en sal hul aandagtig bly en veroorsaak dit impak en klimaks.

Repetering en ontwikkeling van die styl – ken rolle toe vir die stuk, maak seker dat elke lid ŉ rol het in die produksie. Delegeer organisasie rolle van die toneelstuk soos bv.: verhoogbestuurder ens. Repeteer die toneelstuk en kyk gereeld vir enige verbeterings wat gemaak kan word. Die areas sluit in: die subteks, ontdek verhoudings, en opbou van spanning en tempo ens. Daar kan sekere speletjies en aktiwiteite gedoen word wat na ŉ spesifieke deel in die toneelstuk verwys en wat gerepeteer word. Neem al die elemente in ag soos: karakterisering, verhoudings en ensemble werk, styl, spasie en blokkeer, die stel en rekwisiete, kostuums en grimering, beligting en klank. Alle tegnies elemente kan gevind word deur improvisasie of wat deur die karakters geskep word. As die produksie opgevoer word vir ŉ buite-gehoor, moet bemarkingstegnieke ontwikkel word. (10)

**[30]**

## VRAAG 3: ELIZABETHAANSE TEATER

**MEMO**

| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Elizabethaanse teater** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| **Choreografie**<br>**Improvisering**<br>**Kennis** | | √ | √ | | **8** | | |
| **Toepassing** | | | | | | **12** | |
| **Analisering –** | | | | | | | **10** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

3.1 Die naam van enige skrywer en toneelstuk wat relevant is tot Elizabethaanse teater. (2)

3.2 Gee twee punte vir elk.

Komedies – Shakespeare saam met ander Elizabethaanse dramaturge was grootliks beïnvloed deur die middeleeuse periode, as stories van romantiese en wederregtelike liefde wat gelei het tot die ontwikkeling van romantiese komedie wat Shakespeare gebruik het vir *'Twelfth Night'* en *'As you Like it'*. Hul deel met mense wat verlief is en wat foute wys wat reggestel kan word om harmonie te skep. Shakespeare se toneelstukke kan in drie groepe verdeel word. Gelukkige komedies wat misverstande insluit, romanse, vergissings met identiteite soos bv. *'A Midsummer's Nights Dream'* en *'Love's Labour Lost'*. Die 'probleem' toneelstukke was meer ernstig en smelt fantasie en realiteite saam soos, *'Measure for Measure'* en *'Trolius and Cressida'*. Die romanse was meer soos feë-verhale wat met egskeidings en reünies van families soos die *'The Tempest'* en *'The Winter Tale'* Shakespeare te doen het. Sy grootste mededinger was Ben Jonson wie se komedies meer gefokus was op satire en die spot met die menslike natuur.

Geskiedenis toneelstuk – Nasionalisme het gehelp met die verbetering van bekentenis van die geskiedenis van die toneelstukke. Elisabethaners het geglo dat die geskiedenis patrone volg wat die wil van God wys. Shakespeare se toneelstuk *'Julius Caeser'* eksamineer klassieke geskiedenis, maar maak eintlik ŉ opmerking van die samelewing van sy tyd. Die tema van leierskap en mag is in die dramatiese werke teenwoordig.

Tragedies – Tragedies laat die eksaminering van moraliteite toe en beeld die botsing tussen goed of kwaad voor. Hul stel gewoonlik die middeleeuse konsep voor van 'Wheel of Fortune' van ŉ sentrale karakter wat val van ŉ posisie van goeie geluk na een van ongeluk.

Shakespeare se tonele het tragiese helde ('tragic heroes') wat gewoonlik van adellikes afstam, soos Macbeth. Die protagonis kom dikwels dilemmas tee wat gewoonlik self veroorsaak word en moet teenspoed verwerk as gevolg van sy besluite. (6)

3.3 3.3.1



Enige van dieselfde tekeninge of beskrywings is aanvaarbaar met gepaste byskrifte. Basiese tekeninge sal ook aanvaar word. (5)

3.3.2 Gee punte vir die benaming van die karakter en twee punte vir elke motivering. (5)

3.4 Die Wêreldteater (2)

3.5 Die akteur moet geleerd wees en moet ook kan lees omdat hy sy woorde moet kon lees vanaf ŉ hand geskrewe stuk perkament (papier). Benodig ŉ verskeidenheid opvoeringsvaardighede soos sing, speel van ŉ instrument, swaardkuns, lewendige uitspraak, digkuns en fisies fiks te wees. Daar was geen vroulike akteurs in Elizabethaanse tye nie aangesien dit as immoreel gesien was, en so moes mans dan vroulike rolle vertolk.

Jong mans het aangesluit by geselskappe as leerlinge en hul was geleer om soos vrouens op te tree. Hul het vroue-rolle vertolk totdat hul stemme gebreek het in hul 20's. Die jong seuns was gebruik deur Shakespeare om verwarring en humor te skep en was veral in komedies gebruik. So ŉ voorbeeld kan gesien word in, '*Twelfth Night'* deur die karakter 'Viola'.

(Merkers moet eie diskresie met voorbeelde as bewys van toepassing van kennis.) (10)

**[30]**

## VRAAG 4: AMERIKAANSE TEATER

**MEMO**

| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Amerikaanse teater** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| **Ontleding** | | | √ | | **8** | | |
| **Toepassing** | | | | | | **12** | |
| **Kennis** | | | | | | | **10** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE**


4.1 Die naam van enige skrywer en toneelstuk wat relevant is tot Amerikaanse Teater. (2)

4.2 Die Amerikaanse Droom – Daar word geglo dat daar eindelose geleenthede is in Amerika. Almal is vry en gelyk en niemand ly aan hongersnood nie en niks kan iemand stop met die wil om te werk en homself te verbeter in die lewe nie. Dramaturge soos Thomas Wilder *'Our Town'* het ŉ nostalgiese en ideale uitbeelding geskep van afgeleë Amerika in sy toneelstukke wat die Amerikaanse Droom namaak. Ander dramaturge het die teater gebruik om die ideaal van die Amerikaanse droom aan te val en het verwys na dit as ŉ namaaksel. Ander toneelstukke het weer gewys hoe swart immigrante, die van Spaanse afkoms en inheemse Amerikaners kwesbaar is in die gemeenskap en dat hul nie op dieselfde vlak is as wit Amerikaners nie. Daar is ook toneelstukke wat wys hoe moeilik dit is om die Amerikaanse droom na te streef. (6)

4.3 4.3.1

**GRIMMERING**

**ONTWERP**




Basiese skets is aanvaarbaar met verduidelikings van die ontwerp. Noem die karakter van die toneel en motiveer die ontwerp. (5)

4.3.2 Gee punte vir die benaming van elke karakter met motivering – twee punte elk. (5)

4.4 Tradisionele Amerikaanse musiekteater – ook bekend as ŉ musikale komedie. ŉ Musiekteaterstuk met ŉ storielyn en sekere belangrike aspekte soos hoof-karakters en karakters, frase, visuele aspekte en musiek met choreografie. (2)

4.5 Gee punte vir elke stap en vir die toepassing van die karakter.

Aksie – Akteurs moet presies weet wat hul doen op die verhoog en hoekom hul dit doen. Elke aksie moet ŉ doel hê. Die karakter se bedoeling moet duidelik gewys word/uitgebeeld word deur sy/haar aksies.

Toorkuns – Glo dit. Glo in die rol wat vertolk word op die verhoog. Speel toneel asof jy in die situasie is.

Gegewe omstandighede – om die gehoor te laat glo, dat jy moet dink aan die detail wat die toneel beïnvloed.

Die verbeelding – Glo in die karakter wat jy vertolk op die verhoog. Dit sluit in die kennis van die karakter se prestasie en geskiedenis en wie hul is. Dit kan bereik word deur die karakter deeglik te bestudeer.

Sirkels van aandag – Maak seker dat jy kan ontspan en fokus op die rol. Dit word gedoen deur te fokus op een klein deel en uit te brei na ander areas. Dit gee houvas op jou denke en jy kan slegs fokus en die rol uit speel terwyl dit vertolk word.

Eenhede en objektief – Breek die toneelstuk op in tonele en dan kleiner dele van aksies.

Die super-objektief en deurvoer lyn van aksie – Die super-objektief is die hoof objektief (doelwit) van die toneelstuk. Dit sou wees wat die protagonis wou bereik het aan die einde van die toneelstuk.

Emosie en geheue – Stanislavski het geglo dat akteurs in hul eie ondervindings en emosies moes klop wanneer hul ŉ karakter ontwerp. As jy hartseer moet uitbeeld moet jy aan iets hartseer dink wat met jou in jou eie lewe gebeur het.

Tempo-ritme in beweging – Stanislavski het gesê aksie altyd beweging het, tempo en ritme in die spesifieke optrede, dit beteken dat as iemand baie senuweeagtig is om iemand anders te ontmoet en die ander karakters is kalm dan is daar twee verskillende ritmes ontwerp, wat dramatiese spanning skep op die verhoog.

Die metode van fisiese aksie – Wanneer jy al die objektiewe en deurlopende lyne geïdentifiseer het, moet jy fisies aan die teks werk. Jy kan improvisering gebruik om die rol beter te verstaan. Dit gee beter diepte en solidariteit. (10)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**AFDELING C**

Die afdeling bestaan uit VYF vrae. VRAAG 5 en 6 is VERPLIGTEND. In VRAAG 7, 8, 9 is daar ʼn keuse tussen drie vrae.

**VRAAG 5: VERPLIGTEND**

**MEMO**

| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Stem** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| | | | | √ | **5** | | |
| **Toepassing** | | | | | | **5** | |
| **Ontleding** | | | | | | | **5** |

MOONTLIKE ANTWOORDE:

5.1 Sy is bekommerd, nuuskierig, soos ʼn moederfiguur en geskok aan die einde. (2)

5.2 Truvy is haar haarkapper, en is soos ʼn moederfiguur en Shelby sien haar as haar mentor. Shelby kan haar vertroue in haar plaas. Dit is ʼn vriendskap sowel as ʼn professionele verhouding. (5)

5.3 Sy is duidelik gefrustreerd en geïrriteerd en sal dit sê as of sy vervelig is en sal net haar punt staaf. (3)

5.4 *Vir nagereg/ het hul ʼn oorspronklike skepping “Dago “pastei genoem voorgesit/. Ek dink dit sê alles./ Jackson is van ʼn goeie ou suidelike familie met goeie suidelike waardes./ Jy skiet dit,/ stop dit op/ of trou dit./*

Vir nagereg^ het hul ʼn oorspronklike skepping genoem “Dago “pastei voorgesit. ^ Ek dink dit sê alles.^ Jackson is van ʼn goeie ou Suidelike familie met goeie Suidelike waardes.^ Jy skiet dit,^ stop dit op^ of trou dit^. (5)

**[15]**

## VRAAG 6: VERPLIGTEND

**MEMO**

| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Beweging** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| | | | √ | √ | **5** | | |
| **Toepassing** | | | | | | **5** | |
| **Ontleding** | | | | | | | **5** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE:**

6.1 C (2)

6.2 Ja, dit is ŉ bewegingsopvoering. Motivering kan gebruik word vir interaksie van die liggaam en rekwisiete soos die rolstoel. Die manier hoe die liggame geplaas is in die foto of enige relevante antwoord. (5)

6.3 Aanvaar enige kreatiewe antwoord. (5)

6.4 Al twee rekwisiete is aanvaarbaar as deel van die storielyn met behoorlike motivering. Rekwisiete moet geïntegreer word en is belangrik om die storie te vertel of die boodskap oor te dra. Alles op die verhoog is ŉ teken. (3)

6.5 Selekteer musiek/klank wat: geleentheid bied vir kommunikasie van die tema, gepaste “mood” atmosfeer vir die verskillende konflikte/aspekte en bied geleentheid om die tema te ontwikkel as aanbieding met gepaste struktuur.
ŉ Verskeidenheid van musiek/klanke kan ook gebruik word om verskeidenheid en relevantheid in die struktuur te ondersteun.

Neem die volgende in ag: ruimte, gewig, tempo, ritme, konflikte, spanning, verhoudings, variasie en styl. Selekteer bewegings wat gepas is vir die ontwikkelingsvlak van die deelnemers en die gehoor sal boei. (5)

6.6 Assesseringsrubriek

| PUNTE | | BESKRYWING |
|---|---|---|
| 9 – 10 | UITSTEKEND | Die kandidaat verstaan duidelik en kan die verwantskap en eie ondervinding en proses duidelik beskryf. Die kandidaat kan ŉ **argument bou** uit **ondersteunende verwysings** en gebruik konstruktiewe en spesifieke voorbeelde van probleme/tekortkominge/ontwikkelingsbehoeftes – dit eerlik en sonder vooroordeel met skerp insig identifiseer, beskryf en oplossings bied. |
| 7 – 8 | GOED | Die kandidaat verstaan en kan die verwantskap en eie ondervinding en proses beskryf. Die kandidaat kan ŉ **argument bou** uit **ondersteunende verwysings** en gebruik konstruktiewe en spesifieke voorbeelde van probleme/tekortkominge /ontwikkelingsbehoeftes dit identifiseer, beskryf en oplossings bied. |
| 5 – 6 | GEMIDDELD | Die kandidaat verstaan en kan die verwantskap en eie ondervinding en proses beskryf. Die kandidaat kan ŉ argument bou uit ondersteunende verwysings en gebruik konstruktiewe en spesifieke voorbeelde van probleme/tekortkominge/ontwikkelingsbehoeftes dit gedeeltelik identifiseer, beskryf en oplossings bied. |
| 3 – 4 | REDELIK | Die kandidaat gee net sekere voorbeelde of verwysings maar kan skaars die verwantskap van die proses beskryf. Die kandidaat gebruik voorbeelde van probleme/tekortkominge/ ontwikkelingsbehoeftes dit gedeeltelik identifiseer, beskryf en moontlike oplossings bied. |
| 0 – 2 | SWAK | Die kandidaat kan basiese beskrywings gee van probleme/tekortkominge/ontwikkelingsbehoeftes en vind dit moeilik om, of bied geen oplossings nie. |

(10)
**[30]**

**VRAAG 7, 8 en 9 is daar ’n keuse tussen drie vrae. Beantwoord EEN van die DRIE.**

## VRAAG 7: LEWENDIGE OPVOERING

| **MEMO** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
| **Lewendige opvoering** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| | | | √ | √ | **5** | | |
| **Toepassing** | | | | | | **5** | |
| **Ontleding** | | | | | | | **5** |

## MOONTLIKE ANTWOORDE

| **PUNTE** | | **BESKRYWING** |
|---|---|---|
| 14 –15 | UITSTEKEND | Die kandidaat verstaan duidelik en kan die verwantskap en die opvoering en eie ondervinding en proses duidelik beskryf. Die kandidaat kan ’n **argument bou** uit ondersteunende verwysings en gebruik konstruktiewe en spesifieke voorbeelde van akteurs wat karakters vertolk en die boodskap word oorgedra aan die gehoor. |
| 12 – 13 | GOED | Die kandidaat verstaan en kan die verwantskap en die opvoering en eie ondervinding en proses beskryf. Die kandidaat kan ’n **argument bou** uit ondersteunende verwysings en gebruik konstruktiewe en spesifieke voorbeelde van akteurs wat karakters vertolk en die boodskap word dan ook nie altyd oorgedra aan die gehoor nie. |
| 9 –11 | GEMIDDELD | Die kandidaat het voorbeelde, maar kan nie die verwantskap en die opvoering, eie ondervinding en proses duidelik beskryf nie. Die kandidaat kan nie altyd ’n **argument bou** uit ondersteunende verwysings nie en gebruik nie konstruktiewe en spesifieke voorbeelde van akteurs wat karakters vertolk nie en die boodskap word net gedeeltelik aan die gehoor oorgedra. |
| 5 – 8 | REDELIK | Die kandidaat gee net sekere voorbeelde of verwysings maar kan skaars die verwantskap van die proses beskryf. Die boodskap word nie duidelik aan die gehoor oor gedra nie. |
| 0 – 4 | SWAK | Die kandidaat kan basiese beskrywings gee van die karakter maar kan nie verwys na die verwysings en eie ondervindings nie. Gee net gedeeltelike verklaring van een of meer punte. |

**[15]**

**OF**

## VRAAG 8: MEDIA STUDIES

**MEMO**

| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Media Studies** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| | | | √ | √ | **5** | | |
| **Toepassing –** | | | | | | **5** | |
| **Ontleding –** | | | | | | | **5** |

**MOONTLIKE ANTWOORDE**

| PUNTE | | BESKRYWING |
|---|---|---|
| I2 –15 | UITSTEKEND | Kandidaat kan ŉ **argument konstrueer** wat die verskille in verhoog en film ondersteun en gee konkrete en spesifieke voorbeelde van akteurs wat karakters vertolk. Kandidaat verstaan duidelik en kan verwys na filmteorie, filmteks of eie ondervinding. |
| 8 – 11 | GOED | Kandidaat kan verwys na omtrent twee verskille in verhoog en film Drama en kan verwys na film toneelspel of eie ondervinding om die waarheid te ondersteun. |
| 7 – 10 | GEMIDDELD | Kandidaat het seker konneksies met die film. Hy /Sy het voorbeelde van die film of verhoogtonele en kan verwys na verhoog of films, maar kan nie altyd die verwantskap van film raak sien nie. |
| 3 – 6 | REDELIK | Kandidaat kan sekere voorbeelde gee van film of verhoog opvoering maar kan amper glad nie die verwantskap sien van die opvoering en film nie. |
| 0 – 2 | SWAK | Kandidate gee van die basiese beskrywings van karakter werk, maar kan nie met film of verhoog drama maar kan dit nie in verband bring nie. Kan ook nie die verskille herken nie. Kan net gedeeltelike kommentaar lewer oor meer of een van die punte. |

**[15]**

**OF**

## VRAAG 9: KULTURELE OPVOERING

**MEMO**

| Fokus van vraag | Leeruitkomste | | | | Vermoënsvlakke | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kulturele opvoering** | **LU1** | **LU2** | **LU3** | **LU4** | LAAG | MATIG | HOOG |
| | | | √ | √ | **5** | | |
| **Toepassing** | | | | | | **5** | |
| **Ontleding** | | | | | | | **5** |

**MOONTLIKE ANTWOORD**
**Merkers assesseringskaal**

**12 – 15 Uitstekend**
Kandidaat verstaan die aanhaling baie duidelik en kan die geskiedenis van die teater in ag neem en ook die kulturele hindernisse wat hy/sy al gesien het of bestudeer het. Die kandidaat kan ŉ argument staaf en gebruik konkrete en spesifieke voorbeelde van akkuraatheid van bespreking van die aanhaling.

**9 – 11 Goed**
Kandidaat verstaan die aanhaling en kan die geskiedenis in verband bring met die teater en neem ook in ag die kulturele hindernisse wat hy/sy al gesien het of bestudeer het. Die kandidaat kan ŉ argument staaf en gebruik konkrete en spesifieke voorbeelde van bespreking van die aanhaling.

**6 – 8 Gemiddeld**
Kandidaat verstaan die aanhaling en kan die geskiedenis in verband bring met die teater en neem ook in ag die kulturele hindernisse wat hy/sy al gesien het of bestudeer het Kandidaat gebruik net sekere voorbeelde van die aanhaling.

**4 – 5 Elementêr**
Kandidaat kan van die aanhalings gee om die geskiedenis van teater te beskryf en kan skaars die hindernisse in verband bring met kulturele wat hy of sy gesien het of bestudeer het. Die akkuraatheid van die aanhaling word net gedeeltelik bespreek.

**0 – 3 Swak**
Kandidaat gee net sekere basiese beskrywings van die aanhaling om die geskiedenis van teater te beskryf en kan skaars die hindernisse in verband bring met kulturele wat hy of sy gesien het of bestudeer het. Die akkuraatheid van die aanhaling word net gedeeltelik bespreek of glad nie. **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

**GROOTTOTAAL: 150**